Southern African Catholic Bishops' Conference



# Op Soek Na
## God Se Ontferming En Die Algemene Welsyn

*Vastyd Oorpeinsings*

# OP SOEK NA
## GOD SE ONTFERMING EN DIE ALGEMENE WELSYN

Vastyd Oorpeinsings

# OP SOEK NA GOD SE ONTFERMING EN DIE ALGEMENE WELSYN

Vastyd Oorpeinsings

**INLEIDENDE BOODSKAP**

*Liewe Broers en Susters,*

Vorige jare het ons verklarings uitgereik wat politieke leiers uitgedaag het om politieke en ekonomiese kwelpunte in Suid-Afrika, eSwatini and Botswana aan te spreek.

In hierdie drie lande het ons nie hoop laat vaar nie, want ons weet die Heilige Gees is besig met die opbou van iets nuuts in ons lewens, families en lande. “Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit gaan nou uitspruit. Kan julle dit nie besef nie?” (Jesaja 43:19). Ons glo egter dat hierdie nuwe ding waarmee God besig is berou en ‘n groter sin van verantwoordelikheid vir die algemene welsyn van ons gaan vereis, en dit nie net van ons politieke leiers nie, maar ook van die gewone burgers in ons drie lande.

Hoewel dit belangrik is dat die Kerk voortgaan om ons politieke leiers uit te daag om die algemene welsyn bo die eie belange van hul politieke partye te stel, het ons dit net so belangrik gevind om onsself daaraan te herinner dat elkeen van ons ook die verantwoordelikheid het om vir die welsyn van almal te werk. God se gebod om ons naaste lief te hê moet op konkrete wyse tot uiting kom in die manier hoe ons die belange van ons land bo enige eiebelang stel.

Dié Vastyd oorpeinsings is ontwerp om ons in gebed en berou te lei sodat ons kan onderskei hoe God se Gees besig is om ons en ons lande te lei om God se gawe van genesing, versoening en dit wat vir almal goed is te ontvang. Deur hierdie Vastydseisoen, nooi ons Here ons uit om onder leiding van die Heilige Gees nuwe maniere te soek om met mekaar en alle skepsels om te gaan.

Die FORMAAT wat ons voorstel is heel eenvoudig, soos dit op bls 2 uitgelê word. Die oorpeinsings bou voort op die oproep tot gebed wat ons verlede jaar gemaak het, en vra ons om in gebed te kniel en vir die genesing van ons onderskeie drie lande te bid. Elke oorpeinsing begin met ‘n gebed wat ons die vorige week aan u voorgehou het. Die kern element van die oorpeinsings is die geleentheid om deur ons meedeling van ons stories en ervaringe genesing te vind. Terselfdertyd word ons deur die Evangelie en die Sosiale Leer van die Kerk tot berou en ‘n verandering van hart uitgedaag.

Onder leiding van die Heilige Gees leer ons om berou te hê en hoe om op nuwe maniere met mekaar om te gaan in ons onderskeie lande. Ons

leer nuwe maniere aan om die kultuur van individualisme, sowel as die nastrewing van eiebelang deur politieke partye, koningshuise en burgerlike groepe te bowe te kom.

Dit is ons vurige hoop en gebed dat hierdie oorpeinsings aan elkeen van ons, wat ‘n kunswerk van God is, ‘n Godvervulde oomblik sal bied: **“Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.” (Efesiërs 2:10)**

# Formaat van die Vastyd Oorpeinsings

1.Openingsgesang (Vastyd gesang)
2. Openingsgebed (soos hieronder aangedui)
3. Meedeling van ervaringe
4. Uitdaging deur die Heilige Skrif en die Sosiale Leer van die Katolieke
5. KerkDie groep besluit op ‘n relevante aksie vir die week
6. Spontane gebede
7. Slotgebed (soos hieronder aangedui).

## OPENINGSGEBED

Barmhartige Vader,
stuur u Gees uit op ons, die mense van Suider-Afrika.
Laat ons opnuut die stem van Jesus Christus hoor, wat ons uitnooi om saam met Hom oor die onstuimige waters van ons tyd te loop:
“Hou moed, dit is Ek. Moenie bang wees nie.”

Bemagtig ons deur die genade van die Heilige Gees om troos aan die rusteloses te bring, hoop aan die wanhopiges, genesing aan slagoffers van geweld, en versoening waar verdeeldheid heers.

Mag die Heilige Gees ons families en gemeenskappe genees.
Gee ons dapper leiers wat met integriteit die welsyn van die mense bo hul eie belange sal stel.

In die Naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees
verbind ons onsself om moedig die waarheid te praat,
regverdig op te tree in alles wat ons doen,
met hulle in nood te deel
en altyd en orals u gawe van die lewe te eerbiedig
soos ons daarna strewe om die waardes van die Koninkryk
in solidariteit met alle mense van goeie wil te verkondig.
**Amen.**

## SLOTGEBED

God van liefde, wys ons hoe ons in hierdie wêreld kanale van u liefde vir al die skepsels van dié aarde kan wees, want elkeen van hulle is kosbaar in u oë. Raak die harte aan van diegene wat oor die nodige mag en geld beskik, sodat hulle nie in die sonde van onverskilligheid sal val nie, maar die algemene welsyn sal bevorder, die swakkes sal bystaan en vir hierdie wêreld waarin ons almal lewe, sal sorg. **Amen.**

# OORPEINSING 1: WEEK 1- DIE PRONLEEM VAN KORRUPSIE

**GESANG:** Vastyd gesang

## OPENINGSGEBED:

KORT INLEIDING

Een van die grootste probleme in al drie ons lande is die kanker van korrupsie. Die rol van die regering en politici: Hoe tevrede is u met die manier waarop die regering korrupsie bestry? Wat nog kan die regering doen om korrupsie tot niet te maak? Ons rol as gewone burgers en as Christene: Hoe kan ons as gewone burgers en Christene ‘n einde maak aan die kultuur van omkopery en korrupsie?

## MEEDELING VAN ONS PERSOONLIKE ERVARINGE

Het u enige eie ervaring van mense wat aandring op omkoopgeld of dit ont-vang? Het u al ervaar hoe mense in die werksplek minder doen as wat hulle veronderstel is om te doen of as wat daar van hulle verwag word? Wat dink u is die oorsaak daarvan? Hoe groot is dié probleem in u gemeenskap en werksplek: werkgewers wat omkoopgeld of seksuele gunste verwag wan-neer ‘n mens aansoek doen vir ‘n werk of vir bevordering? Wat doen u as Christen om dié probleem aan te spreek?

## UITDEDAAG DEUR DIE EVANGELIE EN ONS KATOLIEKE SOSIALE LEER

“Korrupsie neem baie vorme aan: om u werkstyd waarvoor u betaal word tegebruik vir “persoonlike gewin” is korrupsie; om by die kantoor aan te kom,u baadjie op te hang en dan private of persoonlike sake te doen is korrup-sie; en is dit nie ook korrupsie om u werkstelefoon te gebruik om familie ofvriende te bel nie?” (Biskop Sithembele Sipuka, September 2020) Hoedaag dié woorde u as Christen uit? Net soos ons woedend raak waanneerpolitici korrup optree, moet ons besef dat enige daadwerklike optrede teenkorrupsie by onsself begin. Op persoonlike vlak en in werksplekke moet onsweier om deel te hê aan enige korrupte aktiwiteite.” (Biskop SithembeleSipuka, September 2020) Hoe daag dié woorde u as Christen uit?

**AKSIE:** Wat kan ek (ons) in die lig van bogenoemde meedeling hierdie week as daad van berou doen?

**SPONTANE GEBEDE:** Gee tyd aan diegene wat namens die groep wil

bid.Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOTGEBED

# OORPEISENG 2: WEEK 2-DIE PROBLEEM VAN WERKLOOSHEID

**GESANG:** Vastyd gesang

## OPENINGSGEBED

### INLEIDING

Een van die ernstige probleme in al drie van ons lande is die hoë vlakke van werkloosheid. Die rol van die regering en politici: Hoe tevrede is ons met die manier waarop die regering die werkloosheid krisis hanteer? Wat nog kan die regering doen om werkloosheid op te los? Ons rol as burgers en Christene: Hoe kan ons as gewone burgers en Christene die probleem van werkloosheid aanspreek?

## MEEDELING VAN ONS PERSOONLIKE ERVARINGE

Deel u ervaring as broodwinner wat sy/haar werk verloor het of wat sukkel om ‘n betrekking te vind. Hoe het ons te midde van sulke ellende na die Here uitgereik vir genesing en hoop? Deel ‘n ervaring van jongmense in u familie wat sukkel om werk te vind nadat hulle klaargemaak het met hoër-skool of kollege. Waar die regering nie daarin slaag om werksgeleenthede te skep nie, is daar sommige mense wat self vir hulle werk skep. Wat is u ervaring van mense wat probeer om self ‘n onderneming te begin en so vir hulleself te werk?

## UITGEDAAG DEUR DIE EVANGELIE EN ONS KATOLIEKE SOCIALE LEER

In ons Katolieke tradisie is werk (óf om vir jouself te werk óf vir iemand anders) meer as net ‘n manier om geld te verdien. Werk is een van die maniere waarop ons deel in die voortgesette skeppingswerk van God in ons wêreld. “Geskep in die beeld van God, het ons die mandaat ontvang om die aarde te omvorm. Wanneer ons werk, deel ons in God se skeppingswerk. Deur ons werk is ons besig om die Skepper se werk ‘n werklikheid te maak en dra ons by tot die verwesenliking van God se plan op aarde” (Pous Sint Johannes Paulus II, Oor Menslike Werk, 1981, #25) Hoe daag hierdie konsep van werk u uit?

**Lees Matteus 25:35-40.** Soos ons lande ‘n ekonomiese en werkloosheid krisis in die gesig staar, wat kan ek doen om ander wat minder bevoorreg is by te staan?

## AKSIE

In die lig van dit wat ons gedeel het, wat kan ek (ons) hierdie week as ‘n daad van berou doen?

“Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee” (Matteus 11:28-30) Watter genesig het ek en my gesin van die Here nodig soos ons land in die midde van hierdie werkloosheid krisis verkeer. Watter soort genesing het ons as nasie nodig?

## SPONTANE GEBEDE

Gee tyd aan diegene wat namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOTGEBED

# OORPEINSING 3: WEEK 3- INEENSTORTING VAN OPENBARE DIENSTE

**GESANG:** Vastyd gesang

## OPENINGSGEBED

### INLEIDING

Een van die probleme waarmee ons as nasie te kampe het is die ineenstorting van openbare dienste. Soms hou dit verband met korrupsie en die wanbestuur van munisipaliteite en staatsondernemings. As gevolg hiervan sukkel mense om toegang te verkry tot dienste wat belangrik is vir die uitwissing van armoede en ekonomiese herstel (elektrisiteit of energie, watervoorsiening, gesondheidsdienste, vullisverwydering, tekort aan ontspanningsgeriewe vir ons jongmense, die swak gehalte van onderrig in openbare skole en kolleges, slaggate, stukkende infrastruktuur, swak dienslewering in openbare klinieke en hospitale)

Die rol van die regering en politici: Hoe tevrede is u met die manier hoe die regering die probleem van dienslewering en stukkende infrastruktuur takel? Wat nog behoort die regering te doen om hierdie probleem aan te spreek?

Ons rol as burgers en Christene: Wat kan ons as gewone burgers doen om die probleem van mislukte munisipaliteite en staatsondernemings aan te spreek?

"Ons herinner alle Suid-Afrikaners daaraan dat elkeen van ons die verantwoordelikheid dra om ons land se ekonomie op te bou, en dit sluit munisipaliteite en staatsondermings in." (SAKBK, Pastorale verklaring oor die ekonomie, 2022).

## MEEDELING VAN ONS PERSOONLIKE ERVARINGE

Hoe raak die kragprobleem (beurtkrag) en watertoevoer u eie lewe en dié van u gesin? Deel u eie ervaringe van swak dienslewering deur die munisipaliteite met mekaar: daar waar munisipaliteite nie die nodige ontspanningsgeriewe aan jongmense bied nie, of straatligte vir veiligheid in gemeenskap snags, of rioolprobleme, watertoevoer, slaggate ens. nie aanspreek nie. Is ons besig om die regte mense te verkies om in ons munisipaliteite te dien? Doen ons genoeg om hulle verantwoordbaar te hou?

## UITGEDAAG DEUR DIE EVANGELIE EN ONS KATOLIEKE SOCIALE LEER

"Ons dra die verantwoordelikheid om saam te werk as gemeenskappe om die kultuur van kabeldiefstal, nie-betaling van munisipale tariewe, vandalisme en skade aan infrastruktuur stop te sit" (SAKBK, Pastorale verklaring oor die ekonomie, 2022). Hoe daag dié boodskap u as Christen uit?

Wat doen ek om diegene wat betrokke is by geweldadige proteste, vandalisme en die vernietiging van infrastruktuur uit te daag?

Wat doen ek om die onwettige storting van vullis in my gemeenskap stop te sit?

As deel van my eie ekologiese bekering, wat doen ek om elektrisiteit en water spaarsamig te gebruik?

## AKSIE

Wat kan ek (ons) in die lig van dit wat hierbo gedeel is in die komende week as daad van berou doen?

## SPONTANE GEBEDE

Gee tyd aan diegene wat namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOTGEBED

# OORPEINSING 4: WEEK 4- BESKERMING VAN DIE GESIN ASBASIS VAN DIE SAMELEWING

**GESANG:** Vastyd gesang

## OPENINGSGEBED

### KORT INLEIDING

Die politieke en ekonomiese krisis in al drie ons lande het op soveel maniere 'n negatiewe impak op die gesin as basis van die samelewing.

"Die ekonomiese krisis lei daartoe dat gesinne as gevolg van migrasie en die soeke na werk van mekaar geskei word. Verder gaan baie huishoudings swaar gebuk onder geldelike probleme." (Pous Franciskus, Jan. 16, 2015)

## MEEDELING VAN ONS PERSOONLIKE ERVARINGE

Sommige van die uitdagings wat gesinne in die huidige ekonomiese krisis in die gesig staar sluit die volgende in: migrasie na die stede om werk te soek, die stygende lewenskoste wat veroorsaak dat gesinne net nie meer die mas kan opkom nie, gesinne wat hoe dieper in die skuld raak, stres en geestesongesteldheid, groeiende misbruik van dwelms (asok emosionele misbruik, finansiële misbruik, fisiese misbruik), al hoe meer afwesige vaders, tekort aan beskerming vir die ongeborenes.

Neem een of twee van hierdie uitdagings en deel u eie ervaringe daarvan.

Wat is u ervaring van afwesige vaders (kinders wat sonder die aanwesigheid en bystand van hul vaders groot word)? Wat kan u self doen om dié sosiale probleem aan te spreek?

## UITGEDAAD DEUR DIE EVANGELIE EN ONS KATOLIEKE SOSIALE LEER

Neem een of twee van hierdie aanhalings en deel hoe hulle u as burger en Christen uitdaag. "In hierdie tyd van ekonomiese probleme, sal gesinne ook beproef word…daarom is dit so belangrik dat hulle lewende voorbeelde van liefde, vergifnis en sorg bly." (Pous Franciskus, Jan. 16, 2015)

Lees 1 Korinthiërs 13:4-7, wat egpare stof tot nadenke kan gee oor hoe die liefde staande kan bly, selfs te midde van 'n finansiële krisis in die gesin.

"Beskerm u gesinne in hierdie tyd van ekonomiese probleme. Sien in hulle

u land se kosbaarste skat en koester hulle altyd met gebed  en die genade

van die sakramente" (Pous Franciskus, Jan. 16, 2015). Ons praat so dikwels daarvan om gebed weer terug te bring in ons skole? Behoort ons nie ook daaroor te praat om gebed terug te bring in ons gesinne en families nie?

"Wees heiligdomme waar die lewe eerbiedig word en waar die gewydheid van elke menslike lewe vanaf die ontvangs tot die natuurlike dood verkondig word." (Pous Franciskus, Jan. 16, 2015). Wat doen ons om die ongeborenes in ons gesinne en gemeenskappe te beskerm?

## AKSIE

Wat kan ek (ons) in die lig van dit wat hierbo gedeel is in die komende week as daad van berou doen?

## SPONTANE GEBEDE

Gee tyd aan diegene wat namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOTGEBED

# OORPEINSING 5: WEEK 5- GEWELD EN DIE NASIONALE VEILIGHEIDSKRISIS

**GESANG:** Vastyd gesang

## OPENINGSGEBED

### INLEIDING

Al drie van ons lande sit met die probleem van ‘n kultuur van geweld en die behoefte aan genesing vir diegene wat as gevolg daarvan trauma beleef. In al drie lande het ons te doen met die uitdagings van dialoog, genesing en versoening.

Die rol van die regering en politici: Hoe tevrede is u met die manier waarop die regering die kultuur van geweld, die nasionale veiligheid en die oproep tot dialoog aanspreek? Wat nog kan die regering doen om hierdie probleem op te los?

Ons rol as burgers en Christene: Is daar iets wat ons as gewone burgers kan doen om die sosiale trauma, die kultuur van geweld en die oproep tot dialoog aan te spreek?

“Jesus genees, Hy versoen, Hy red: Hierdie is die kern van Jesus se taak en sending en dit was ook die kenmerk van hoe sy Evangelie versprei het ná daardie eerste begroeting in die nag van Paasfees: Vrede met julle.” Johannes 20:19” (SAKBK, Pastorale Plan, #54).

## MEEDELING VAN ONS PERSOONLIKE ERVARINGE

Het u al in u eie gemeenskap en familie te make gehad met gesinsgeweld: geweld teenoor die ongeborenes, geweld tussen man en vrou?

Het u al ervaringe gehad van geweld in gemeenskappe: skoolgeweld, geweld op plase, geweldadige proteste, vreemdelinghaat, of geweld deur die staat en polisie brutaliteit?

Het u al enige ervaringe gehad van rasse/etniese/politieke spanninge en verdeeldheid in u gemeenskap, werksplek, parogie ens?

Het u al genesing ervaar van trauma wat verband hou met geweld in u gesin, gemeenskap en land?

## UITGEDAAG DEUR DIE EVANGELIE EN ONS KATOLIEKE SOCIALE LEER

"Geseënd is die vredemakers" (Matteus 5:9) Wat het u al gedoen om 'n vredemaker in u gesin, parogie, werksplek, gemeenskap en land te word?

"Die gesin is die beste plek vir die aanleer en toepassing van 'n kultuur van vergifnis, vrede en versoening." (Africae Munus, #43). Wat doen u as ouer om seker te maak dat u gesin 'n leerskool is waar u kinders vergifnis, vrede en versoening kan aanleer?

Wat het u al gedoen om diegene wat betrokke is by geweldadige protes, en ander vorme van geweld in die gemeenskap uit te daag en aan te spreek?

## AKSIE

Wat kan ek (ons) in die lig van dit wat hierbo gedeel is in die komende week as daad van berou doen?

## SPONTANE GEBEDE

Gee tyd aan diegene wat namens die groep wil bid. Onse Vader … Wees gegroet Maria …

## SLOTGEBED

# Notes

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................